



DESEMBER 2013

Die Oog Gho!fdag 23 November 2013

Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader, borge en donateurs, Klub Vlytige Voete, personeel en inwoners dat ons kan terugrapporteer dat die dag 'n reuse sukses was.

Daar is 'n netto bedrag van R61 524 geïen wat as volg saamgestel is:

In hierdie uitgawe ...

- Voorbladnuus
- Kersboodskap
- Boeremusiek Dansaand
- Redaksie Kennis-
gewing
- Besige Bye
- Boekwurmbydrae
- KVV
- Plantplesier
- Dankie!
- "Op die Oog af"

Dans	R 4 110
Gelukkige trekking	R 2 800
Speler bydraes	R 16 994
Borge en donateurs	<u>R 39 422</u>
Sub-totaal:	R 63 326
Uitgawes:	<u>R 1 802</u>
TOTALE SKENKING	<u>R 61 524</u>

Hierdie fondse word by MidCity in die gesondheidsentrum se rekening inbetaal en is uitsluitlik ge-oormerk vir die aankoop van toerusting.

Van die bedrag wat deur borge en donateurs bygedra is, is R 10 000 afkomstig van inwoners. Pryse ter waarde van ongeveer R 25 000 is deur donateurs voorsien.

Daar is 'n lys van die 72 borge by die kantoor en ons versoek dat u die instansies ondersteun wat 'n bydrae gelewer het.

Nogmaals baie dankie vir 'n ieder en 'n elk se bydrae, hetsy geld, pryse of arbeid.

Kom ons maak volgende jaar weer so!

Jan Ebersohn — Voorsitter Fondsinsamelingskomitee



Jan Ebersohn oorhandig die opbrengs van die gho!f fondsinsameling-dag aan Sr. Bertha Booyens, Hoof van die Mediese Sorgsentrum.



Kersboodskap

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om almal te bedank vir die jaar wat so vinnig verbygevlieg het. Die bestuurspan hier by Die Oog is van die beste wat 'n mens sal kry. Hulle is bereid om agteroor te buig vir die inwoners en eienaars en is ook nie bang om vuil te word of die ekstra ure in te sit nie. Jackie, Leonie, El-sabé, Johan, Sr. Bertha, Sr. Marieta Meyer, Sr. Ria en Marieta Enslin. Onthou hierdie name, want beter is daar nie.

Dan moet ons die diensverskafferpersoneel ook bedank vir die hulp wat hulle aan ons verleen. Hulle sal selfs buite hulle pligsomskrywing help net om ons inwoners gelukkig te hou. Een goeie voorbeeld hiervan is as daar vure is om te blus is hulle op die bakkies sonder om vrae te vra.

Aan elke inwoner en eenaar by die Oog, en spesifiek die Trustees wat 'n bydrae lewer om ons omgewing 'n beter plek te maak, sê ons ook dankie, van inwoners wat hul gemeenskaplike tuine so mooi maak, tot inwoners wat help tuinmaak op ander areas en dit self onderhou op hulle eie tyd. KVV is een organisasie wat beslis 'n uitsonderlike werk doen en ek wil graag hierdie geleentheid gebruik om 'n spesiale woord van dank aan hulle te rig. Dan is daar die vakansiebedryf, ontwikkelaar en verkoopspanne wat soms vir ons grys hare gee, maar altyd bereid is om te help wanneer ons hulle nodig het. Dankie vir julle insette en hulp.

Die grootste woord van dank moet aan ons liewe Vader, wat ons hier geplaas het. Ons het die voorreg om alles en almal om ons te kan waardeer en geniet, ons het almal baie om voor dankbaar te wees.

Aan al ons eienaars en inwoners: 'n Wonderlike en Geseënde Kersfees saam met die mense vir wie julle lief is en met wie julle graag omring wil word. Mag die son op jul rug skyn en die reën jul pad na 'n voorspoedige nuwe jaar skoon was. Ek bid vir julle 'n ware en geseënde Somerkersfees toe.



*Welkom o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis*

*Kerfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

*Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-ouetaal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ouverhaal.*

*Kerfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

*Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
ons grootste kersgeskenk.*

*Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer
skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*



Dion Nell Landgoedbestuurder





Boeremusiek Dansaand 22 November 2013



Bladsy 3

Die klank van konsertina en kitaar het deur die bosveldnag weergalm soos die musieknote vanuit die Oliehoutsaal gewaai het!

Die geleentheid was die Boeremusiek Dansaand gereël deur die Personeel met die hulp van Dirk en broer Fanus Coetzee om inwoners en gholfspelers saam in die luim te kry vir die volgende dag se gholf.

Vure het teen 16:30 al hoog gestaan en die opgewondenheid het werklik begin toe die eerste gaste hulle sitplekke inneem, en die orkes begin instrumente opstel. Corrie Nortjé, Corné Joubert en Hennie Mostert is al drie professionele kunstenaars en het in die verlede op televisie opgetree met boere-orkeskompetisies.

In tipiese boeremusiekstyl het die geluid van die konsertina het die aand se jolyt afgeskop en daar was gedans vir 'n vale: wals, polka, lyndans en sokkie! Van oud tot jonk het 'n skoffel ingekry.

Tot ons verbasing het 'n sanger met die naam van Hannes van Tonder sy verskynning gemaak en as jy jou oë toegehou het, sou jy kon dink Bles Bridges en Gerrie Pretorius staan self daar. Dié man kan sing! Hy het tussen die gaste rondgeloop en kennis gemaak, hand geskud asof hy ons al jare ken. Dit moes die gasvryheid van ons inwoners gewees het wat hom totaal en al tuis laat voel het. Hannes tree weer gedurende die Desember vakansieprogram hier op en ons vra dat u hom ondersteun. Hy stel gedurende Januarie 2014 sy derde cd vry en dit gaan beslis die moeite werd wees om te koop.



Tannie Hettie van Rensburg wys vir Dawie Spohr hoe om te "jive".

Dirk Coetzee het fantastiese werk gedoen om al die talentvolle kunstenaars vir ons te reël, en meeste daarvan op eie onkoste en ten bate van die fondsinsamelingprojek, en ons kan nie vir Dirk genoeg dankie sê nie.

Die aand was 'n reuse sukses en ek is seker as ons kon, sou die jolyt tot laatnag aangehou het. Daar was geen keer aan die mense nie.

Aan al my kollegas, Elsabé, Leonie, Dion en Johan, wat so hard gewerk het om alles te help bymekaar te sit—dankie ouens! Dankie ook aan Lydia en Western Breeze vir die verskaffing van die pap en sous, en die verkoop van kaartjies onder die vakansiegangers. Ek weet Sr. Bertha, Sr. Marieta, Sr Ria en Marita Enslin waardeur ons poging om tot die Sorgsentrum se toerustingvereistes by te dra, wat hulle weer in staat sal stel om 'n selfs beter diens te lewer as wat hulle reeds doen.

Al wat ons nou moet doen is... OM DIT WEER TE DOEN! *Personeel*

KENNISGEWING VAN KNIPOOG REDAKSIE



Ons hoop u het die afgelope jaar se Knipoog Nuusbriewe geniet! Die redaksie wil u graag inlig dat die volgende uitgawe van Die Knipoog teen die tweede week van Januarie 2014 weer sal verskyn, omdat ons 'n blaaskansie oor Desember gaan neem.

Ons versoek alle Inwoners om uit te kyk vir opwindende en interessante dinge wat gedurende die feesseisoen kan gebeur en om foto's te neem of dit neer te skryf, sodat ons Januarie 2014 se Knipoog propvol inligting kan maak vir almal om te geniet. Stuur gerus aan jackie.jvn@dieooglandgoed.co.za of plaas dit in die Knipoog boksie in die admin kantoor.


Ons almal hou die Knipoog aan die gang en ek sien uit na ieder en elk se **positiewe, interessante en leer-same** insette in 2014.

Jackie Jansen van Nieuwenhuizen—Redaktriëse





Belangegroep Bedrywigheid Besige Bye



Dit was die maand November, soos 'n warrelwind gekom en gegaan.

Die afgelope maand was bedrywig en die maand waarin vier van ons Besige Bye verjaar het. Ons het dit op gepaste wyse gevier. Dit was so lekker dat almal nou uitsien na hulle eie verjaarsdae en nie eers omgee om ouer te word nie.

Die lesse geleer hierdie afgelope maand het vir ons groepie net weer laat beseef dat mens siek kan word van bekommernis oor wat die toekoms vir jou mag inhou. Die ironie van die saak is dat jy jou dikwels bekommer oor dinge waaraan jy absoluut niks kan doen nie. Dink dus mooi waaroor jy jou bekommer.

Baie dankie vir al die materiaal, knope, wol, linte (te veel om op te noem) wat ons die afgelope maand vanaf die inwoners ontvang het.



Besige Bye in partytjeluim

Kom loer asseblief by die Kersmark op 14 Desember by die Besige Bye se stalletjie in en onthou julle beursies! Daar sal kaartjies te kies en te keur wees, mosaiëk, sakke, lappoppe en nog vele meer.

Kom maak kennis met ons Besige Bye!

BB Groete *Marieta Enslin*
(Maatskaplike Werker)



Boekwurm Bydrae



Watter sportsoort jy ookal beoefen, ons het 'n boek op die rak vir jou. As jy nie baie aktief is nie, lees dan "**Bridge card by card**" deur Terence Reese.

Stel jy belang in fietsry, kyk gerus na "**Blazing saddles: the true story behind the Tours de France**" deur James Clarke.

Vir gholf liefhebbers is daar heelwat om van te kies, soos "**Play better golf: curing common faults**" deur Beverly Lewis. Ook vir die rugby-entoesiaste is daar 'n paar goeie boeke, soos "**Rugby's crazy moments**". Is jy nie heeltemal seker van die reëls van jukskei nie, wel dan is die boekie "**Jukskei**" net vir jou. Het jy 'n paar goeie hengelstories van jou eie? Moet dan nie "**Fishing yourself single**" Van Andy Coetzee mis nie.

Is jy nog lekker fiks? Ons het heelwat vir die stappers onder ons, soos "**Voetslaan in SA**" deur Helmke Hennig. Vir die avontuurlustiges onder ons, is daar die ou gunsteling "**Stroom af in my kano**" deur Willem van Riet.

Boek van die maand: "**Run the rivers of Southern Africa**" deur Celliers Kruger. Tydens Celliers se studentejare het hy "river-guiding" gedoen vir ekstra sakgeld. Die roeigogga het hom behoorlik gebyt, sodat hy - na 4 jaar se werk as meganiese ingenieur - sy vrou en sy kayak gevat het om 'n jaar lank sy droom na te jaag, nl om deur Suider Afrika te toer en elke beduidende rivier te roei, en te fotografeer. Hierdie is 'n pragboek, of jy nou kan roei of nie, blaai dit gerus deur om die aksie-foto's te waardeer. 'n Fees vir die oog!



Dit is met groot hartseer wat ons afskeid neem van Gerda Kruger, ons Bibliotekaresse, wat besluit om ons te verlaat om eggenoot Sarel by te staan in Nigerië, waar hy weer 'n projek gaan aanpak. Gerda het die leeskamer in 'n biblioteek verander en mens kan die verskil van ses maande terug tot nou nie glo nie.

Ons bedank Gerda van harte vir al haar harde werk en glo dat hulle veilig gaan terugkeer na ons pragtige Landgoed.

Baie dankie en sterkte in die vërre Sarel en Gerda!





Dringende Versoek Nood Bystandfone en Spreekure

Daar is 'n toename in die hoeveelheid oproepe wat op die NOOD bystandfone ontvang word, wat nie noodgevalle is nie.

Beide fone—personeel en medies, is nie algemene inligtingsfone nie. Elke oproep wat na dié fone gemaak word, moet asseblief slegs noodgevalle wees.

Let asseblief weer op na die nommers:

Personeel Bystand: 078 803 1479

Mediese Bystand: 079 217 5323

Die adminkantoor spreekure is steeds slegs 08:00 tot 09:00 en 11:00 tot 13:00. Besoek ons asb slegs gedurende hierdie tye. Krag kan enige tyd in die kragaanvraag blikkie geplaas word.

Onthou Desembermaand is propvol vakansiedae, maak dus seker dat u genoeg krag aankoop! Die leweransier is toe oor naweke en vakansiedae.



Sosiale Klub Vlytige Voete

Na 'n baie bedrywige 2013, het Klub Vlytige Voete hulle afsluiting op 14 November by die Tentkamp se eiland gehou. Dit was 'n heerlike middag met smaaklike verversings en 'n baie verfrissende bola! Baie dankie aan elkeen wat bygedra het.




By hierdie geleentheid is die nuwe bestuur gekies. Hulle is die volgende dames:

Dagbestuur:

Voorsitster	: Martie Buys
Ondervoorsitster	: Hettie Thompson
Sekretaresse	: Leonora Robertson
Tesouriere	: Ansie Morkel

Sameroepsters:

Foto's en Gedenkalbum	: Sonja de Meyer
Décor	: Marlene Knoetze
Gedenkkaartjies	: Karola Bierman
Spyseniering	: Alécia Coetzer
Wit Olifant	: Marie Botha
Nagereg	: Marie Ryan
Pannekoek	: Marié Richards
Jaffels	: Martie de Beer
Fisiese aktiwiteite	: Elzabi Fouchee
Geestelike aktiwiteite	: Brenthia Rossouw



Die ou bestuur wil hierdie dames gelukwens en alles van die beste toewens vir 2014. Ons het volle vertroue in die span en weet dat Klub Vlytige Voete net van krag tot krag sal gaan!

Klub Vlytige Voete Groete!
Marié Richards



Plantplesier Goliat was maar 'n muggie

Wat is die grootste lewende organisme op aarde? Miskien is dit die blouwalvis met sy lengte van oor die dertig meter en massa van tot soveel as 136 ton. Toe nou nie! Hierdie titel kom weer eens 'n boom toe. In November het ons gesien dat die oudste lewende bome reeds aan die groei was voor Amerika ontdek is, voor die Christendom gevestig is en selfs voor Egipte se piramides gebou is. Nou, hoe groot word hierdie ou vasbyters?

In Suid-Afrika kom die eer van grootste boom 'n kremetart (*Adansonia digitata*) by Zwigodini in Vendaland (Limpopo) toe. Sy afmetings oorskry waarskynlik die van die Sagola Kremetart tussen Tshipise en Pafuri, met sy kroonwydte van 38,2m, stamomtrek van 32,8m en stamdeursnee van 10,47m. Die beroemde Suidkaapse Outeniqua Geelhout (*Podocarpus falcatus*) is slegs tiende op die lys.



Adansonia digitata by Zwigodini

Die rekord behoort egter weereens aan 'n Amerikaner. Die 'General Sherman Tree' is 'n 'Mammoetboom' (*Sequoiadendron giganteum*) met 'n volume van 1 487 kubieke meter en 'n massa van 1 385 ton (meer as 10 keer die van die blouwalvis). Dit is tussen 2 300 en 2700 jaar oud, 83,8m hoog en 11,1m in deursnee. Dit is ook die vinnigste groeiende organisme op aarde.



Sequoia sempervivens

Die hoogste boom op die Planeet is die 'Hyperion', 'n Amerikaanse Rooihoutboom (*Sequoia sempervivens*) in die Redwood National State and Parks, California, met 'n hoogte van 115,6m. Gedurende die jare 1960-70 is selfs hoër bome daar, deur gierige mense, afgesaag.

Die rekord vir die dikste stam word gehou deur 'n Moerassipres (*Taxodium mucronatum*), genaamd die 'Arbol del Tule Tree' in die dorp Santa Maria del Tule in die Mexikaanse staat Oaxaca. Die stamdeursnee daarvan is 11.62m. Dit is besig om dood te gaan as gevolg van voertuigbesoedeling.

So wonderbaar is die Skepping, van die kleinste mikroskopiese organismetjie tot hierdie reuse, alles in balans – totdat die mens daarin slaag om die harmonie te versteur.

'n Versteuring van 'n ander aard – hier by ons, tussen die huise is bome met moeite en teen hoë kostes aangeplant en beskerm teen honger bokke. Sommige inwoners het blykbaar 'n probleem hiermee. Indien een van hierdie bome of sy draad omheining jou hinder, moet dit asseblief nie self verwyder nie. Skakel met Willem van Deventer (of Leonie) en hy sal reël om dit te verplant en die ogiesdraad en paaltjies te herwin vir hergebruik.



Groot, swaargewig boomgroetnis
Groenie





“Hoe sê mens DANKIE?” Ons is koeler as koel!

Bladsy 7

Dit is so warm die kraaie gaap—die kombuis personeel wil flou word MAAR—daar is ’n wonderlike uitkoms!

Die Ontwikkelaar het belê in ’n verkoelingstelsel in die eetsaal waarvoor ons BAIE BAIE DANKIE sê. Die kraaie gaap nie meer nie, maar sing ’n loflied, die inwoners is verheug en eet soveel lekkerder, die kombuis personeel kry kans om af te koel tussen die vrieskas, koelkas en eetsaal.

Baie dankie Western Breeze vir die besonderse verbetering. Dit word hoog op prys gestel en word baie geniet. Nou kan ons bietjie rondom die tafel kuier.

’n Baie geseënde Kersgety vir u almal en baie voorspoed vir die nuwe jaar!

Gerrie du Preez en personeel



Oorhoofse waaiers in die eetsaal



“Hoe sê mens DANKIE?” Personeel Spogmuur

Ons as gesin, wil graag vir Sr Berta en haar personeel bedank vir die puik behandeling en vriendelike diens wat ons by hulle kry. Ons waardeer dit!

Spesiale dank aan Sr Marieta wat meer as die ekstra myl vir ons gesin geloop het. Gedurende Junie hierdie jaar, het Japie n agressiewe diabetiese abses aan sy voet opgedoen wat hom potensieël ’n ledemaat, of minstens n toon, kon laat verloor. Sr Marieta het die uitdaging aanvaar! Met haar mediese kennis, haar eie innovasie en liefdevolle versorging het sy binne 4 maande daarin geslaag om die wond te genees!! Die verwagting was dat dit veel langer sou duur, maar sy was vasberade om binne n kort tyd sukses te behaal.

Hierdie is maar ’n enkele voorbeeld. Ons waardeer die feit dat haar groot liefde vir haar beroep asook haar liefde vir haar medemens, die dryfveer van haar sukses is! ONS SALUEER HAAR DAARVOOR!!

Ten slotte wil ons ook erkenning gee aan die Bestuur en Administratiewe personeel, Gerrie, Bert en hulle span vir hul insette en harde werk om ons gemaklik en gelukkig by Die Oog te laat lewe.

ONS ADMIREER JULLE!!

Groete

Japie en Bets Schoonwinkel F71





BELANGRIK

Alle medikasie wat by die Mediese Dienssentrum gekoop of toegedien word, moet dadelik in kontant betaal word. Groter bedrae kan per kaart in die adminkantoor betaal word.

Bystandnommers

Aftreelandgoed (algemene NOOD bystand):

078 803 1479

Mediese Noodnommer:

079 217 5323

Sekuriteit : 083 556 0708/ 071 891 4650/014 743 4611


Ontvangs — Kantoor 014 743 4600 (Verwittig ontvangs van besoekers by hierdie nommer)

BYSTANDNOMMERS MOET SLEGS VIR NOODGEVALLE GEBRUIK WORD!!!

Humorhoekie

Raai wat stel hierdie voor....


1




2



4



3



- 1. Trekklavier
- 2. Coke Float
- 3. Knopiespinnekop
- 4. Springboks

